

Plaasdata – van wolk na vingerpunte

Agri Technovation (AT) en Mezzanine, 'n Vodacom-filiaalmaatskappy wat digitale en "slimdinge"-oplossings (oftewel "Internet of Things" of "IoT"-oplossings) vir Afrika ontwikkel, het 'n venootskap met betrekking tot AT se MyFarm-Web™-platform aangekondig.

Dié platform gee produsente maklike toegang tot al hul inligting in een gekonsolideerde, wolkgebaseerde stelsel. Dit word gekomplimenteer deur die MyFarm-App™-mobiele toepassing, wat produsente en ander belanghebbendes toelaat om vanuit die veld met die stelsel te kommunikeer.

Die venootskap sal MyFarm-Web en MyFarmApp in die hande van alle groot en klein produsente in Suid-Afrika, en die res van Afrika, plaas.

"Mezzanine is baie opgewonde oor die MyFarmWeb-produkvenootskap. Ons glo ons kan 'n reeds baie aantreklike aanbod verder versterk en uitbou. Presiese-landbou, ook bekend as die

vierde landbourevolusie, is data gedrewe met die doel om daaglike besluitneming te verbeter, wat sowel werkverrigting as doeltreffendheid verbeter. Dié doelwit sluit by ons kernvermoëns en -fokus aan," sê Jacques de Vos, uitvoerende hoof van Mezzanine.

MyFarmWeb verbind en visualiseer datastromme vanuit verskillende bronne, insluitende presiese landbousensors, eindgebruiker-generereerde data en ander datapoele. Dit word op 'n eenvoudige en doeltreffende manier aan 'n produsent deurgegee met 'n enkele toegangspunt.

Erik de Vries, uitvoerende direkteur van Agri Technovation, sê "die venootskap met Mezzanine as 'n IoT-leier in Afrika, sal MyFarmWeb-gebruikers toegang gee tot die verspreiding van op-die-plaas-sensors, wat wissel van voertuigopsporing tot sekuriteit, van grondvog en grondtemperatuur tot mikroklimaat-inligting, van watervloeisensors tot damvlakke, van gewasopbrengs tot ge-



MYFARMWEB 

MyFarmWeb maak gebruik van sensors op die plaas en gee gebruikers regstreekse, betroubare inligting.

halteparameters, van voorraadvlakke tot verbruiksprise van brandstof en al die verwante voordele en insigte."

In Suid-Afrika word Agri Technovation se dienste en produkte uitsluitlik deur Laeveld Agrochem, die voorste gewasbeskermings- en voedingshandelaars, en in KwaZulu-Natal deur Farmers Agri-Care versprei.

"Laeveld Agrochem was die afgelope vier jaar intens betrokke gedurende Agri Technovation se ontwikkeling van MyFarmWeb.

Ons glo dat dit reeds dié vooraanstaande, digitale, multigewaslandbouplatform is.

"Die venootskap met Mezzanine sal die ontwikkelingstempo en versameling van verskillende soorte data en inligting verder versnel.

"MyFarmWeb is die praktiese implementering van Laeveld Agrochem se DecisionFar ming™-waardepropositie aan die Suid-Afrikaanse boer," sê Nick Liebenberg, besturende direkteur van Laeveld Agrochem.

Die platform word reeds op meer as 2 700 plase in Suid-Afrika gebruik, asook in verskeie ander lande. MyFarmWeb se gebruikersvriendelikheid en funksionaliteit maak dit 'n waardevolle besluitningsinstrument wat boere in staat stel om vinniger en beter besluite te neem. Dit lei tot meer winsgewende en volhoubare boerderybedrywighede.

■ Vir meer inligting, skakel AT by 021 300 0543, stuur 'n e-pos aan info@agritechnovation.co.za of bezoek www.agritechnovation.co.za

Met Bushtec Safari kan jy die suiver, ongerepte luukse van die natuur beleef in die gemak van jou eie agterplaas

Ontwerpers, vervaardigers en installeerders van luukse tent kampe.

SACAS
ISO 9001:2008
SACAS
ISO 14001:2004

Kontak ons op (012) 671 1117 | (036) 634 1902
www.bushtecsafari.co.za | info@bushtecsafari.co.za
 'n Canvas and Tent Maatskappy

BUSHTEC
SAFARI
DESIGNED TO PLEASE. BUILT TO LAST.